

---

---

## **2Tm 3:16; 2Pt 1:20-21 : Tien redes waarom ek glo die Bybel is God se Woord**

**No. E299**

---

---

**D**ie huidige polemiek in koerante oor die gesag van die Bybel het my net weer die vraag laat vra waarom ek die Bybel as God se gesagvolle waarheid aanvaar. Het God m.a.w. die Bybelskrywers geïnspireer om Sy besondere openbaring aan die mens akkuraat en betroubaar neer te skryf? Is die historiese oortuiging en belydenis van die kerk dus korrek – of is ek besig met 'n gejaag na wind as ek my hele lewe daarvolgens inrig, en al my gawes, energie en tyd daaraan wy om die inhoud daarvan te verduidelik en so wyd as moontlik bekend te maak?

### **1. Ek glo in die Bybel as God se geïnspireerde Woord omdat Hy self die geloof deur Sy Gees in my geplant het.**

Dit was en bly 'n wonderwerk van Sy soewereine genade. Dit het net meer as veertig jaar gelede gebeur na baie maande van wroeging. Ek het geweet dat die Bybel óf algeheel betroubaar is, óf die grootste bedrogspul van die eeue. 'n Kompromie tussen hierdie twee uiterstes is nie moontlik nie, aangesien die Bybel van homself sê dat hy van A tot Z in alles God se gesagvolle Woord is. As een deel dus vals is, is alles onder verdenking. 'n Wonderwerk het egter plaasgevind – en my stryd was permanent iets van die verlede! En

dalk is dit nodig om te sê dat ek nie 'n naïewe sewentienjarige was wat 'n emosionele skoolverlaterskamp besoek het nie; ek het as natuurwetenskaplik en wiskundig skerp geslypte siviele ingenieur op die Oranjerivier-projek gewerk.

### **2. Ek glo in die Bybel as God se geïnspireerde Woord omdat ek 'n enkelhartige navolger van Jesus Christus is.**

Hý het dit kinderlik gelowig geglo (die Nuwe Testament is vol daarvan!), en ek volg puntenerig in Sy spore.

### **3. Ek glo in die Bybel as God se geïnspireerde Woord omdat die Bybel self vir my so sê.**

Ek gaan dus nie skepties en wantrouig na hom toe nie, maar met 'n oop en afwagende gemoed. Só leef ek doelbewus. As 'n man vir my sê ek kan hom vertrou, dan doen ek dit. Ek gee hom die voordeel van die twyfel, totdat sy optrede dit onmoontlik maak. Naïef en 'n sirkelargument? Nee. Dis wellewendheid. Wat meer is, aangesien daar geen hoër gesag is waaraan die Bybel (en die God van die Bybel) se aansprake getoets kan word nie, moet hy hom per definisie op homself beroep as dit oor sy gesag gaan (soos wat God noodwendig by Homself moes sweer in Hb 6:13-20).

### **4. Ek glo in die Bybel as God se geïnspireerde Woord omdat baie jare se omgang daarmee my steeds meer en meer onder die indruk bring van die**

### **geïntegreerdheid en konsekwentheid van sy boodskap.**

Dis ten spyte daarvan dat die ses-en-sestig boeke waaruit dit bestaan oor 'n millennium en 'n half deur 'n stuk of veertig skrywers van uiteenlopende agtergronde geskryf is. Die onderlinge samehang van Ou en Nuwe Testament fassineer my toenemend!

### **5. Ek glo in die Bybel as God se geïnspireerde Woord omdat die sentrale boodskap daarvan – die evangelie – lynreg indruis teen alle godsdienste in hierdie wêreld.**

Al die religieë (ook "churchianity") preek dat ons na God toe moet opklim langs seremoniële en moralistiese lere. Die Bybel, daarenteen, verkondig dat God in Sy liefdesgenade reddend na sondaars toe afbuig. As die evangelie afgekook word tot sy wesentlike essensie, dan is dit die woorde: God red sondaars! Natuurlik dra die Bybel 'n etiese boodskap, natuurlik leer dit die mens se verantwoordelikheid voor sy Skepper, maar dit alles ontspring vanuit God se vrye genade in Christus alleen. Dis waarom Christene se gehoorsaamheid altyd ingebed lê in die wonderlike beginsel van vryheid.

### **6. Ek glo in die Bybel as God se geïnspireerde Woord omdat soveel uitsprake daarvan sowel histories as persoonlik wáár blyk te wees.**

Dosyne Ou Testamentiese profesieë oor Christus is in die fynste besonderhede in Hom

vervul. Jesaja 53 is eeue voor Sy koms geskryf! En persoonlik ken ek proefondervindelik die realiteit van God se intieme betrokkenheid en gebedsverhoring. Vir baie jare reeds vertrou ek en my vrou Hom byvoorbeeld vir al ons materiële behoeftes – en diegene wat ons ken sal getuig dat ons nie met borge of skimpe werk nie.

### **7. Ek glo in die Bybel as God se geïnspireerde Woord omdat dit my lewe onuitspreeklik verryk het.**

Op my intellektuele en filosofiese vrae bied dit my weer en weer die lig wat ek soek. Tewens, daar is sekere fundamentele vrae waarmee ongelowige denkers deur die eeue stoei, wat net deur die Bybel beantwoord word. Die norme en riglyne daarvan lei tot 'n lewe van sin en uitnemendheid, terwyl dit soos klokslag op katastrofe uitloop as jy daarvan afwyk. En, by verre kosbaarste van alles, dit het aan my die allerantwoord gegee op die vraag waarmee Job al geworstel het: hoe kan 'n skepsel regverdig voor sy Maker staan?

### **8. Ek glo in die Bybel as God se geïnspireerde Woord oor die positiewe effekte daarvan.**

Die Bybelse ordes lei altyd weer tot voorspoed – geestelik, emosioneel, moreel en selfs materiël. Oor die jare heen het ek male sonder tal die opheffende vrug van Bybelgeloof in mense en families se lewens gesien. Ek het gesien hoe situasies van duisternis en wanhoop omskep is in lig en lewe en sin. En sonder uitsondering het dit gepaard gegaan met 'n kinderlike geloof in die gesag van die

Woord. Waar is daarenteen die opheffende vrug van ongelooftologie? Trouens, teoloë wat die gesag van die Bybel aftakel, ondermyn baie se geloof en lewensgeluk, om nie van hulle ewige bestemming te praat nie.

### **9. Ek glo in die Bybel as God se geïnspireerde Woord omdat dit die toets van die tyd deurstaan het.**

Altyd geld dit: tot die mate wat 'n samelewing die Bybelboodskap gelowig omhels, tot daardie mate veredel dit so 'n samelewing. Tot die mate wat daarvan afgewyk word, tot daardie mate tree maatskaplike verval en verrotting in. Meer nog, niks kon die Bybel deur die eeue doodmaak of die geloof wat dit in sondaarmense verwek, onderploeg nie. Trouens, hoe feller die vervolging, hoe kragtiger het die kerk geword. En altyd loop dit saam met 'n nederige geloof in die betroubaarheid van die Bybel. Daarenteen bly geen twyfelaar in tye van aanslag staan nie. Ongelooftologie werk dus destruktief in op die toekoms van 'n samelewing.

### **10. Ek glo in die Bybel as God se geïnspireerde Woord omdat dit my in pas lei met van die grootste denkers en edelste mense van alle tye.**

Ja, daar was ongelukkig baie Christene, en veral "Christene", wat die Bybel oneer aangedoen het. Maar dan was dit omdat hulle dit nie behoorlik uitgeleef het nie. Waarlik, die historiese Christelike geloof – ook sy Skrifbeskouing – is my vreugde en heerlike sekuriteit. Soos Spurgeon kan ek sê: "As ek in die gange van die tyd terugstap, staan een na

die ander man en vrou van God op en skud my hand."

**Nico van der Walt**

- Nico v/d Walt onderskryf die historiese, intemasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in meer as 'n halfdosyn lande in Afrika suid van die ewenaar.
- Subskripsies, adresveranderings, kansellaries en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115, Suid-Afrika. E: [nico.vanderwalt@reformed.org.za](mailto:nico.vanderwalt@reformed.org.za); Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.
- Blogs: [www.e-preke.blogspot.com](http://www.e-preke.blogspot.com) (met skakels na nóg 4 blogs)
- Gereeld word 'n preek/studiestuk soos hierdie wêreldwyd en gratis in Afrikaans en Engels per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.
- Geen kopiereg. Dupliseer of preek gerus. Of stuur verder.